**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 11 JULIE 2019 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, KERKSTRAAT, PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## LEDE VAN DIE VIERDE MUNISIPALE RAAD

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. A du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. JC Botha | [DA] | | |
| Rdl. A Small | [DA] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me) | [ANC] | | |
| Rdd. SIJ Smit | [ANC] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. R Kearns | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) *(sluit aan om 14:05)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | : | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |
| Me. S Willemse | : | Klerk: Komitee Dienste |

***

**AKSIE**

**RVN001/07/2019**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom in die vergadering. Die Voorsitter wens alle lede sterkte toe met die komende vergaderings, soos geskeduleer op die goedgekeurde Jaarkalender 2019/20.

***

**RVN002/07/2019**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Rdl. MA Wessels – ander munisipale verpligtinge
Rdl. A van Wyk – geen verskoning
Rdl. IS Adams – siekverlof
Rdl. D de Bruin – geen verskoning
Direkteur Finansiële Dienste – besig met finansiële jaareinde

***

**RVN003/07/2019**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/07/2019**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Speaker doen die volgende mededelings:

LIEF
- Dat Mnr. M Wüst verjaar op Dinsdag 23 Julie 2019.

LEED
- Dat Mnr. E Titus oorlede is in die hospitaal nadat hy 45% brandwonde opgedoen het by sy huis.
- Die Voorsitter versoek 'n minuut van stilte vir die bedroefde familie.

Die Voorsitter meld die volgende vir kennisname deur die Raad en Administrasie:

A. Wysiging van die Stelselswet:

Die Voorsitter lig die item toe en meld dat die Raad se delegasies en beleide nie die gewysigde Stelselswet moet weerspreek nie;

B. Cost Containment Regulations

Die Voorsitter gee 'n kort verduideliking en versoek dat beleide saamgestel moet word om aan hierdie regulasie te voldoen, waarop die Munisipale Bestuurder terugvoer gee en meld dat die konsepbeleid reeds deur die Direksie opgestel en bespreek is en by die Uitvoerende

Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Donderdag 18 Julie 2019, voorgelê sal word vir insette en kommentaar deur die Raad.

C. Voorlegging oor "Fruitless and Wasteful expenditure"

Die Voorsitter gee 'n kort samevatting en meld dat 'n voorlegging deur SALGA gefasiliteer sal word met betrekking tot die implikasie van bogenoemde bevindinge.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN005/07/2019**
**VOORLEGGINGS / ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS**

Geen

***

**RVN006/07/2019**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN007/07/2019**
**DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**15/1/5/9**

Raadsdame Smit gee terugvoering oor die vergadering wat sy bygewoon het by Weskus Distriksmunisipaliteit waar die rampbestuursituasie weereens bespreek was. Sy versoek dat gesprekke op 'n politieke vlak gefasiliteer moet word oor hierdie kwessie.

Die Munisipale Bestuurder hou die skrywe voor aan die vergadering wat gerig is aan Bergrivier Munisipaliteit en die terugvoer wat sy gegee het.

Die Uitvoerende Burgemeester gee terugvoer en meld dat 'n vergadering geskeduleer is tussen die Uitvoerende Burgemeester van Weskus Distriksmunisipaliteit en homself oor hierdie kwessie.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN008/07/2019**
**AANSTELLING VAN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE / HOOF FINANSIËLE BEAMPTE VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**4/1/2/5**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee 'n kort samevatting van die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar.**

**BESLUIT**

1. Dat die Raad kennis neem van die bedanking van die Direkteur Finansiële

Dienste en die onmiddellike vulling van die vakature goedkeur; en

2. Dat die Raad die samestelling van die aanstellingspaneel goedkeur, soos aangedui in paragraaf 5 van die verslag.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

*******

**RVN009/07/2019**
**<u>BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN010/07/2019**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN011/07/2019**
**<u>IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÉ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN012/07/2019**
**<u>IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING VAN DIE RAAD</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:30***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ***VOORSITTER (SPEAKER)*** | ***DATUM*** |

***